SA Jagters en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur Volhoubare Benutting / Conservation through Sustainable Utilisation
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort **Tel: (012) 808-9300**
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159 **Faks / Fax : 086 661 2981**
E-pos / Email: firearmsupport@sahunt.co.za **Web: www.sahunters.co.za**

SAJWV-BELEID OOR DIE UITREIKING VAN ENDOSSEMENTE VIR VUURWAPENLISENSIE-AANSOEKE

Endossemente en/of briewe ter bevestiging van die doel en aanwending van vuurwapens waarvoor lisensie-aansoeke ingedien word, kan aan opbetaalde lede van die Vereniging uitgereik word onder die onderstaande afdelings. Aansoek/e vir endossement/e moet op die voorgeskrewe aansoekvorm ingedien word en persoonlik deur die aansoeker onderteken word.

HANDWAPENJAG

- Alle rewolwers met uitsondering van .22-randslagkaliber, indien die toepaslike provinsiale ordonnansie of wetgewing dit toelaat. Dit mag verskil tussen provinsies
- .22-randslag handwapens: endossement/e sal slegs uitgereik word aan grondeienaars of ‘n direkte familielid van grondeienaars
- Alle pistole indien die aansoeker ‘n grondeienaar is 'n of direkte familielid van ‘n grondeienaar is
- Indien ‘n handwapen vir genadeskote tydens jag gebruik word sal SAJWV diskresie gebruik op grond van motiveringsdokumente wat die aansoeker moet verskaf.

.22 RANDSLAGGEWERE EN SEMI-OUTOMATIESE GEWERE VIR JAGDOELEINDES

- Endossement/e vir gemelde gewere sal slegs uitgereik word vir jagdoeleindes aan grondeienaars of ‘n direkte familielid van grondeienaars.
- Diegene wat nie grondeienaars of ‘n direkte familielid van grondeienaars is nie, maar die wapens gebruik vir pesbestryding of uitdunning (“Vermin Control” of “Culling”) moet motivering saam met die aansoek indien sodat SAJWV dit op meriete kan oorweeg.
- ‘n Ondersteuningsbrief uitgereik word al aan lede wat van randslag tipe vuurwapens gebruik maak om jag- en sportskietvaardighede op ‘n koste-effektiewe metode te ontwikkel en tydens die nie-jag seisoen in stand te hou.

TOEGEWYDE SPORTSKIET (Art 16)

- Endossement/e vir sportskietdoeleindes word uitgereik vir gepaste vuurwapens wat gebruik word by:
  - SAJWV-skietdae
  - enige ander geakkrediteerde organisasie se skietdae
  - enige georganiseerde skietklub se skietdae

GELEENTHEIDSPORTSKIET (Art 15)

- Endossement/e vir doeleindes van geleentheidsportskiet word uitgereik vir vuurwapens wat gebruik word vir:
  - Toegewyde sportskiet (sien hierbo)
  - **Geen endossemente word uitgereik vir selflaai-senterslaggewere of haelgewere onder die geleentheidsportskiet afdeling nie.**

TOEGEWYDE JAG (Art 16)

- Endossement/e vir alle tipe senterslaggewere, haelgewere of handwapens.
- In die geval van semi-outomatiese wapens (gewere, haelgewere en pistole) moet aansoeker grondeienaarskap of verwantskap as direkte familie van ‘n grondeienaar kan bewys.

PROFESSIONELE JAGTER (Art 16A)

- Endossement/e vir alle tipe senterslaggewere, haelgewere of handwapens.
- In die geval van semi-outomatiese wapens (gewere, haelgewere en pistole) moet aansoeker grondeienaarskap of verwantskap as direkte familie van ‘n grondeienaar kan bewys.

GELEENTHEIDSJAG (Art 15)

- Endossement/e vir alle tipes geskikte senterslag jagwapens.

SELFVERDEDIGING (Art 13)

- Endossement/e vir selfverdedigingswapens sal uitgereik word vir alle vuurwapens ingevolge Artikel 13 van Wet 60 van 2000.

BELANGRIK

- Endossement/e sal slegs uitgereik word aan opbetaalde SAJWV-lede (lidmaatskap moet minstens drie maande vooruit betaal wees)
- Lede wat oor Toegewyde Status beskik se jaarlikse toegewyde aktiwiteitsverslae moet op datum wees alvorens ‘n endossement teenoor daardie status goedgekeur en uitgereik kan word.
- Vir Professionele Jagters sal endossemente slegs uitgereik word indien aan die gestelde vereistes voldoen word (Opbetaalde lidmaatskap en geldige lisensie as Professionele Jagter in een van die RSA Provinsies of Afrika land)
- Onder Art 15 (c) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens mag niemand meer as twee handwapens besit nie
- Slegs .22LR, .22SR en .22 Magnum sal vir randslag sportskietdissiplines geëndosseer word.
- **Endossement verwys slegs na die geskiktheid van vuurwapens vir jag, sportskiet en selfverdediging, en vervang nie die persoonlike motivering wat elke lid saam met sy/haar aansoek vir 'n vuurwapenlisensie moet indien nie.**

Neem asseblief kennis dat vuurwapeneienaars persoonlik verantwoordelikheid is om aan die toepaslike Ordonnansies en/of Provinsiale wetgewing te voldoen waar dit van toepassing is.

Die SAJWV behou die reg voor om ter enige tyd die bovermelde beleid te wysig, of ’n aanvraag vir endossement te weier indien die uitreiking daarvan 'n risiko sou inhou vir die Vereniging se akkreditasiestatus.

SA Jagters en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur Volhoubare Benutting / Conservation through Sustainable Utilisation
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort **Tel: (012) 808-9300**
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159 **Faks / Fax : 086 661 2981**
E-pos / Email: firearmsupport@sahunt.co.za **Web: www.sahunters.co.za**

AANSOEK VIR ENDOSSEMENT

PERSOONLIKE INLIGTING VAN AANSOEKER			
Titel, Voorletters en Van			
SA Jagters Lidnommer			
ID Nommer			
Selfoon Nommer			
Epos Adres			
Grondeienaar of familielid van grondeienaar	Ja	Nee	Indien Ja, verskaf bewys asseblief

TIPE LISENSIE AANSOEK	ENDOSSEMENT TIPE	
Artikel 13 – Selfverdediging	**Selfverdediging**	**1**
Artikel 15 – Geleentheidsjag en sportskiet	**Geleentheidsjag**	**2**
	Geleentheid sportskiet	**3**
Artikel 16 – Toegewyde Jagter en Sportskut	**Toegewyde Jagter**	**4**
	Toegewyde Sportskut	**5**
Artikel 16A – Professionele Jagter	**Professionele Jagter**	**6**

VUURWAPENS WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD

Kaliber	Fabrikaat	Tipe wapen	Aksie	Reeksnommer	Endossement Tipe
		Rewolwer, Pistool, Geweer, Haelgeweer	Semi-outomaties, Slot, Hefboom, Pomp-aksie, ens.		

BELANGRIK: Endossement/e verwys slegs na die geskiktheid van vuurwapens vir jag/sportskiet/selfverdediging en vervang nie die motivering wat elke lid saam met sy/haar vuurwapenlisensie-aansoek moet verskaf nie. Neem asseblief kennis dat dit u verantwoordelikheid is om aan die toepaslike ordonnansies en/of wetgewing te voldoen. U moet ook toesien dat die motivering vir u aansoek ooreenstem met die ondersteunende endossement wat u aanvra en wat aan u uitgereik word.

Ek is bewus daarvan dat dit 'n oortreding is ingevolge Artikel 120(9)(f) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000, om valse inligting te verskaf ten opsigte van aansoeke vir vuurwapenlisensies.
Ek verklaar hiermee dat alle bogenoemde inligting deur my verskaf waar en korrek is.

Volle naam en Van: _____ Datum: _____ _____
Aansoeker se Handtekening

SAJWV sal slegs aansoeke vir endossement/e verwerk wat SAJWV-lede self onderteken en indien. Die endossement/e sal net persoonlik aan lede verskaf word. Geen endossement/e sal verskaf of uitgereik word op versoek van of aan enige derde party nie.

Aansoekers sal per SMS in kennis gestel word sodra die endossement op die aanlyn lede administrasie stelsel beskikbaar is om afgelaai te word.